

**Sondag 6 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 3:14-22**

**Fokusgedeelte: Openbaring 3:15, 16**

**Wat is gevolge as mens gewoon raak aan die Here?**

**E**k ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spoeg.

Mense met 'n lou Godsdienstbeoefening walg die Here. As u nie onverskillig staan in u aanbidding nie, maar u is ook nie werklik besield nie, dan is hierdie brief aan u gerig!

Wanneer 'n mens of 'n kerk God verwerp, onttrek die Here ook sy seën aan daardie mens of gemeente, en dan begin hulle om verder van God af te verdwaal - selfs terwyl hulle onder die waan verkeer dat hulle die Here aanbid.

Presies dit het Laodicea getref. Hulle het 'n soort lewe begin leef waarin hulle alles beplan en beheer het, maar só dat hulle niemand wou aanstoot gee nie. Hulle was almal besigheidsmenne en hulle het 'n besigheidstyl aangeleer: jy moenie aanstoot gee of sterk standpunte inneem teenoor mense wat by jou koop nie, want dan jaag jy kliënte weg.

Die fout was dat hulle toe in hulle geloofsluwe ook so geword het. Dit is hoe dit gebeur het dat die gemeente van Laodicea lou geword het. Hulle het nie hulle hele lewe vir God afgesonder nie. Hulle het 'n deel vir God gegee, maar die res vir die wêreld uitgemeet.

Die Here verag so 'n toestand. Daarom sê Hy in die brief dat die gemeente Hom walg: Ek sal jou uitspoeg. 'n Koue mens is vir die Here meer aanvaarbaar as 'n lou een. Ons sou dink dat daardie persoon ten minste tog probeer! Die Here dink anders. Hy verklaar hier baie duidelik dat Hy eerder verkies dat iemand koud is as lou, want iemand wat koud is omdat hy heeltemal onverskillig staan, kan nog tot bekering kom.

Daar is hoop vir 'n sondaarmens wat nog nooit ernstig was met die evangelie nie. Maar daar is nie hoop vir 'n afgewaterde Christen wat nie oortuig wil word dat hy moet verbeter nie!

*Sing: Psalm 2-1:6*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*